

KERKWYDING VAN DIE BASILIEKE

ST. PETRUS & ST. PAULUS

18 NOVEMBER

Die vroeë Christene het die plekke waar die heilige martelare begrawe is, as gewyde grond beskou en spesiale eer is aan dié van die heilige Petrus en Paulus betoon. Keiser Konstantyn het oor die grafte van dié twee apostels in Rome kerke opgerig, wat met verloop van tyd tot die manjifieke Aartsbasilieke ombou is wat ons vandag daar sien. Pelgrims stroom soontoe, nie om die stene en geboue te vereer nie, maar om geestelike inspirasie en om hulde te bewys aan die getuienis van die geloof waarvoor hierdie twee manne hul lewens afgelê het.